# BOEKBESPREKINGS

VAN DER WALT, B.J., FOWLER, S. & VENTER, J.J. 1990. **Die "New Age"-Beweging.** Potchefstroom : IRS. 79 pp. Prys R7,50 (Bestel direk van IRS, PU vir CHO, Potchefstroom

Resensent: L.F Schulze. (Dept. Dogmatologie, PU vir CHO)

Hierdie studiestuk bevat drie hoofstukke - elk die pennevrug van een outeur - wat oorspronklik as lesings aangebied is. Van der Walt skryf oor "Die New-Age-Beweging: 'n onskuldige eksentrisiteit, nuwe hoop, demoniese sameswering of duidelike uitdaging vir die Christen? (p. 1-32). Fowler se bydrae is getitel "The New Age; threat or challenge?" (p. 32-50), terwyl Venter insiggewend handel oor "'n Filosofiese perspektief op die *New-Age*-Beweging (p. 51-75), met die antwoorde op vrae tydens die lesing (p. 75-79).

Vervolgens word 'n oorsig oor die inhoud van die eerste twee artikels met opset weergegee, omdat dit weer eens die swakheid van versamelwerke toon - naamlik herhaling.

Van der Walt handel oor (1) die reaksie van die Christendom op die Nuwe Era tot dusver, (2) wat die beweging presies is, (3) waar dit vandaan kom (en sien die wortels nie dieper as die kontrakulturele groepe van die afgelope vier dekades nie), (4) hoe die beweging lyk, en (5) watter uitdaging dit vir die Christen inhou.

Fowler bespreek in sy artikel die volgende: (1) Christian responses, (2) What is New Age? (3) The four levels of the New Age (p. 36-37 - iets wat Van der Walt onder (2) van sy artikel (p. 5-6) inwerk), (4) The New Age as the New Paganism, (5) Is it a satanic conspiracy (waarin hy met oortuigende en minder oortuigende argumente Texe Marrs se standpunt weerlê), (6) The oppression of the secular age, en (7) The challenge.

Venter wys tereg daarop dat die wortels van die *New Age* diep in die Westerse kultuur lê (Gnostiek), bespreek enkele tipiese *New Age*-gedagtes, plaas dit teen die kulturele agtergrond van die Westerse beskawing (Neo-platonisme, idees van Plato self - hier kon die Pythagoreërs ook genoem gewees het - die Kabbala, Renaissance-mistiek, teosofie en selfs die rol van Johanna Brand) en toon ten slotte in goeie samevattings aan hoe dit in werke van Shirley MacLaine en Fritjof Capra reflekteer. Die artikel getuig van wye belesenheid, nugterheid en goeie stofhantering en lees maklik. By die goeie oorsig mis 'n mens net die naam van Annie Bessant, een van die heel belangrikste ska-

kels tussen die teosofie en die *New-Age*-beweging.

In die eerste artikel is enkele onduidelikhede wat duideliker gestel kan word. Slegs een voorbeeld: op p. 13 betoog die skrywer dat die *New Age* die aksent op die *goddelikheid* van die werklikheid plaas, met die konsekwensie van a-kosmisme (letterlik "geen kosmos"); op die volgende bladsy word dit egter getipeer as 'n "hoflike ateïsme" en "'n verbloemde ateïsme". Op p. 27 word weer gestel dat die beweging "formeel ... dus baie na aan die Christelike visie" staan omdat dit ook 'n integrale spiritualiteit huldig.

Verrassend is die verwerping van die teïsme as 'n "kompromieposisie" en "die kombinasie van twee foutiewe standpunte (dié van die deïsme en die panteïsme)" (p. 15). Met sy volgende woorde: "Ek glo nie God is *deel* van die skepping nie", toon die skrywer dat hy die teïsme nie reg interpreteer nie.

Dwarsdeur die boek loop 'n *Leitmotiv* of twee - wat waarskynlik met mekaar verband hou - wat bevraagteken kan word: (1) Die *New Age*-beweging is *nie* 'n demoniese sameswering nie (p. 3-4); 40-44; 53). Ek deel van harte die skrywers se vrees om alarmisties te raak. Aan die ander kant moet gestel word dat hy wat Marilyn Fergusson se *The Aquarian conspiracy* (1980) gelees het en dit wat sy oor "networking" sê, ter harte neem, minstens meer getemperd oor die afwysing van die samesweringsgedagte sal praat. Tweedens: die tweelingboetie van die *New Age*, naamlik die Gnostiek, is in geen kerkgeskiedenisboek al ooit 'n "uitdaging" aan die adres van die vroeë Christene genoem nie - wel 'n bedreiging. Die Heidelbergse Kategismus tipeer onder andere die duiwel en die wêreld as "ons doodsvyande". Hulle daag ons nie uit nie maar val ons aan (HK, S. 52, vr. 127).

In die geheel gesien, is dit 'n werk wat uit filosofiese hoek 'n mooi oorsig van die *New Age*-beweging bied. Dit word aanbeveel vir almal wat in die aard van hierdie stroming belangstel - 'n stroming waarvan ons almal, veral predikante, onderwysers en ouers, kennis moet neem.

PUCHINGER, G. *red.* 1990. Ontmoetinge met Schilder. Kampen : Kok. 213 bll.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek, HTS/PU vir CHO)

In 1990 was dit 100 jaar gelede dat K. Schilder in Kampen gebore is. Begryplik is toe baie aandag aan sy teologiese insigte gegee. Puchinger, 'n bewonderaar van Schilder, het die geleentheid benut om hierdie saamgestelde studie uit te gee. Behalwe nege

artikels van wisselende gehalte bevat die boek ook 'n aantal briewe van Schilder, uitsprake van bekende teoloë oor sy lewe en werk, 'n datalys van sy lewensloop asook 'n groot aantal pragtige foto's. Die volgende artikels is opgeneem: W.K. van Dijk: "Denkend aan Schilder"; G. Puchinger: "Schilder tussen herinnering en uitzicht"; A.Th. van Deursen: "Schilders boodschap"; M. Oudkerk: "Profeet tegen het nihilisme"; O. Jager: "Concretiseren tot het uiterste"; J. Veenhof: "Jezus Christus als plaatsbekleder"; J. van der Hoeven: "Schilder en de wijsbegeerte"; G. Harinck: "Spel van vryheid en gebondenheid"; W. Albeda: "Herinnering aan Schilder".

Dat Schilder 'n befaamde, oorspronklike en geniale teoloog was, staan vir nagenoeg alle navorsers vas en dat hy die rustige en bykans gestagneerde gereformeerde lewe na Kuyper en Bavinck met 'n donderslag getref het, is 'n erkende feit. In 'n sekere sin was hy 'n contra-figuur: contra A. Kuyper (36, 46, 59-60, 100), contra die Nederlandse Hervormde Kerk (31-32), contra Barth (24, 29-30, 65, 89, 92), contra die nasionaal-sosialisme (25, 58, 130, 139), contra psigologie (57). Terwyl 'n figuur soos H.H. Kuyper 'n versigtige houding teenoor die nasionaal-sosialisme ingeneem het (22, 134) en terwyl V. Hepp Mussolini met die rigters van Israel vergelyk het(!) (117), was Schilder 'n man van verset, "de dapperste kerel in de oorlog die wij hadden" (139). Vanselfsprekend het Schilder se kritiek teen die teologie van A. Kuyper - teen die veronderstelde wedergeboorte, die algemene genadeleer, die pluriforme kerkleer, die kultuuroptimisme, die wetenskapsgeloof - veel deining in die Gereformeerde wêreld veroorsaak. Verstaanbaar dus dat die verhouding tussen H.H. Kuyper (seun van A. Kuyper) en Schilder, ook tydens die breuk van 1944, soms onverkwiklik was (22, 37, 40, 61, 127, 131). Blykbaar het die verhouding tussen Hepp en Schilder ook veel te wense oorgelaat (60-61, 116, 117, 123-124, 127). Die kerkskeuring van 1944 was seker een van die mees tragiese gebeurtenisse in die twintigste-eeuse Nederlandse kerkgeskiedenis. En dan nog 'n skeuring en skorsing in oorlogstyd (93, 101, 125, 134). Vir 'n buitestaander is dit totaal onverstaanbaar en ondeursigtig dat Gereformeerde teoloë so diepgaande kon verskil dat dit op 'n kerkskeuring uitgeloop het. Ongetwyfeld het die sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland gefouteer deur Schilder (en Greijdanus!) in 'n gees van sinodalisme te skors, maar dit bly 'n ope vraag of Schilder nie te haastig opgetree het nie. Moet die weg van binnekerklike reformasie nie met meer geduld en groter volharding gevolg word nie? Betreurenswaardig is verder dat, soos so dikwels in die kerkgeskiedenis die geval is, 'n wesentlik *dogmatiese* saak spoedig in 'n *kerkregtelike* saak (prosedure) verander het en die eintlike saak so in die lug bly hang het (41).

Teen die wyse van teologisering van Schilder is skerp kritiek na vore gebring. Hy is beskuldig van spekulatiewe (49, 126) ongenuanseerde (15, 131) generaliserende (17) en absolutisitiese (17) denke. Hy is daarvan verwyt dat hy hom aan konsekwensiejagtery (konklusivisme) skuldig gemaak het (32, 130, 134, 135). Maar is dit konsekwent om

in die buiteland (tydens studie in Erlangen) so ruimhartig te wees om met die Lutherane Nagmaal te vier (58, 121, 124), maar binnelands (in Nederland) van die standpunt uit te gaan dat die G.K.N. (v) die enigste ware kerk is (16)? Almal stem saam dat Schilder 'n uiters gedeë polemikus was (31, 53, 56, 123, 131). "Wie niet polemiseert is niet bekeerd!" (135)

Puchinger het 'n uiters lesenswaardige boek saamgestel wat ons aandag opnuut op Schilder as teoloog en op sy teologie gevestig het. Dis nog altyd die moeite werd om van sy insigte kennis te neem en daarvan 'n goeie studie te maak. Sy trilogie oor Christus bevat kosbare (hoewel soms ietwat spekulatiewe) gedagtes waarby veral die prediking veel kan baat.

MARSHALL, M. 1987. **The Restless Heart: The life and influence of St. Augustine.** Grand Rapids : Eerdmans. 152 bll. R43,30.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. etiek, HTS/PU vir CHO)

'n Studie van die Noord-Afrikaanse teoloog Augustinus is van besondere betekenis vir Suid-Afrikaanse Christene. Marshall bied ons so 'n studie in biografiese vorm. In 1985 het hy en 'n fotograaf - vandaar die pragtige foto's in die boek - 'n reis deur Noord-Amerika en die hedendaagse Italië onderneem, al op die voetspore van die groot kerkvader. Eintlik wil Marshall met sy studie niks meer doen nie as om ons aandag te vestig op en te inspireer tot die bestudering van die veel omvattender biografie van Peter Brown oor Augustinus.

Marshall het Augustinus se lewensgang van sy vroegste jare in Afrika, in Italië en weer in Afrika nagegaan. Hy lewer 'n aangrypende beskrywing van die verhouding van Augustinus en sy moeder Monica (die vrou wie se trane uiteindelik vrug gedra het); van Augustinus as jong akademiese professor; van sy besondere verhouding met Ambrosius, biskop van Milaan; van sy dramatiese bekering en grootdoop; van sy latere biskopwerk in Hippo en Noord-Afrika; van sy konflikverhouding met Hiëronimus. Dit is insiggewend om daarop te let dat Augustinus nooit enige formele teologiese onderrig ontvang het en nooit enige "teologiese skool" besoek het nie, maar eintlik 'n "self-made" predikant was en tog oor 'n fenomenale Skrifkennis en teologiese insig beskik het. "He was to become in his lifetime a walking biblical concordance, commentary, and encyclopedia all rolled into one" (94). Wie het geweet dat daar in Hippo in daardie tyd drie verskillende kerke was: 'n Katolieke, 'n Manicheïstiese en 'n Donatistiese (laasgenoemde die grootste en met die pretensie van die enigste ware kerk te wees, 94, 117)? Hierteenoor het Augustinus geoordeel dat die toets vir 'n ware

kerk nie daarin geleë is dat dit goeie mense perfek maak nie (Donatisme) maar of dit sondaars heilig maak (119).

Vanselfsprekend verwys Marshall na en haal hy aan uit die vele geskrifte van Augustinus. Die *Confessiones* en die *De civitate Dei* kom breedvoerig ter sprake. So ook word die stryd met die Manicheïsme (Augustinus was in sy jeugjare self een), die Donatisme en die Pelagianisme bespreek.

Terwyl die kerk in Noord-Afrika hom met kleinighede besig gehou het, het Rome gebrand (133). Op 'n ander plek maak Marshall in hierdie verband 'n insiggewende en leersame opmerking: "There was something claustrophobic and ingrown about the African church. Its internal ecclesiastical squablles were colored with other divisions of tribe, language, and geography .... They represent the convergence of many motivations, of which nationalism and tribalism are generally the most powerful"(118). Hierteenoor het Augustinus met 'n breë (katolieke) kerkleer gewerk.

Kort na Augustinus se dood is Hippo deur die vandale verwoes en al wat behoue gebly het - wat 'n wonderlike beskikking van die Here! - was Augustinus se biblioteek (145). Die hele Noord-Afrika het vanweë die verwoesting leeggeloop en binne honderd jaar sou nuwe geeste hierdie leë huis beset: die Islam. Die bloeiende Christendom van 1600 jaar gelede het verdwyn.

Soos haas niemand voor en selfs na hom het Augustinus ons geleer dat die hele Christelike lewe, die ganse kerkwees, die hele teologie, die ganse wêreldgeskiedenis, ja, die totale skepping beheers word deur die boodskap van die *koninkryk van God*. Wie dit gemis het, het alles gemis; wie dit gevind het, het alles gevind.

VAN GENDEREN, J. 1988. **Actuele thema's uit de geloofsleer. Kampen : Kok. 131 bll. Prys onbekend.**

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek, HTS/PU vir CHO)

In hierdie boek van 5 hoofstukke en 131 bladsye bied Van Genderen in 'n sekere sin 'n beknopte (alhoewel nie volledige) dogmatiek. In die eerste twee hoofstukke handel hy oor die Godsleer (skepping en voorsienigheid), in die derde oor die Christologie (veral die versoeningsleer), in die vierde oor die pneumatologie en in die vyfde oor die antropologie (waaronder sondeleer en, baie kort, eskatologie).

My waardering vir hierdie studie spruit uit die volgende oorwegings:

- Eerstens vanweë *die Skriftuurlike benadering.* Watter aspek van die geloofsleer ook al bespreek word, telkens word dit vanuit die Skrif belig. Uiteraard werk die skrywer binne die reformatoriese teologie en staan op die reformatoriese Skrifbeskouing.

- Tweedens vanweë *die konfessionele benadering.* Telkens toon die skrywer aan watter lig vanuit die reformatoriese belydenisskrifte op die geloofsleer val en hoe dit met die Skrif in ooreenstemming is.

- Derdens vanweë *die dogmaties-historiese benadering.* Augustinus, Calvyn en Bavinck (asook Luther) is voortdurende gespreksgenote en daar word by hulle aansluiting gevind.

- Vierdens vanweë *die polemies-apologetiese tendens.* Telkens word op 'n baie sober en verantwoorde wyse swaarde gekruis met allerlei moderne teologiese en filosofiese strominge wat vir die evangelie bepaalde gevare inhou. Daardeur wen die boek aan aktualiteit en toon dit ook aan hoe relevant en byderwets 'n reformatoriese benadering is.

- Vyfdens vanweë die *gemaklike en helder skryftrant* en styl. Die boek lees maklik en daar hoef nie oor die skrywer se bedoelings getwyfel te word nie.

Die boek kan met groot vrug ook deur belangstellende lidmate bestudeer word. Teologiese studente wat vinnig 'n kort oorsig oor die dogmatiek (altans die hooftemas) wil kry, kan van hierdie werk gebruik maak.

VELEMA, H.W. 1990. **Oriëntatie in de Christelijke Etiek**. 's-Gravenhage : Boekencentrum. 159 bll. Prys onbekend.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek (HTS/PU vir CHO)

In hierdie jongste publikasie bied Velema ons 'n oriëntasie ten opsigte van Christelike etiek. Die boek bestaan uit twaalf hoofstukke en handel oor die volgende aspekte:

Etiek as wetenskap (hfst. 1); onderskeiding en indeling (2); die eie van die Christelike etiek (3); die Wet van God as norm (4); die toepassing van die Wet (5); die liefdesgebod - geen situasie-etiek (6); kasuïstiek (7); die gewete (8); adiafora (9); botsing van pligte en kompromis (10); enkele temas uit die Christelike lewe (askese, gebed, vreugde, stryd, verwagting) (11); kontak, kontras of konfrontasie? (12). Na

elke hoofstuk volg 'n kort bronnelys. Uit bostaande blyk dat die boek basies dieselfde struktuur vertoon as J. Douma se *Verantwoord Handelen: Inleiding in de Christelijke ethiek* van 1980 (Amsterdam : Ton Bolland). Velema sluit ook telkens by Douma aan terwyl dikwels met Kuitert swaarde gekruis word.

Die boek beweeg in 'n baie groot mate op die terrein van die prinsipiële of meta-etiek, hoewel Velema dikwels na konkrete voorbeelde verwys. Interessant is dat hy 'n aparte relasie tot die natuur afwys (17) en, soos Douma (aw 25-26), (tereg) nie wil weet van 'n gebod tot selfliefde nie (18). Na my beste wete word tans feitlik net in Suid-Afrika nog etici aangetref wat van selfliefde 'n gebod maak.

Velema bepleit tereg 'n teonome, Skriftuurlike etiek met die Heilige Skrif as norm (40). Ook die sogenaamde nie-fundamentaliste is fundamentalisties aangesien geen wetenskaplike sonder een of ander fondament werk nie (156-157). As dit nie die Skrif is nie, is dit iets anders: die menslike rede (rasionalisme) of menslike ervaring (positivisme) ensovoorts. Daarmee bepleit Velema geen biblisistiese etiek nie, inteendeel (79), maar wel 'n normatiewe etiek wat voluit gebruik maak van die funksie van die Wet (46,57-59). Gevolglik word (slegte) situasie-etiek afgewys (90).

Kritiek is daar nie veel nie. Hier en daar kom die gevoel na vore dat Velema net iets te min klem lê op die liefde as etiese prinsipe en dit te veel met "goeie gesindheid" identifiseer (92,101). In die hoofstuk oor die kompromis en die sogenaamde noodleuen verklaar die skrywer die problematiek nie genoegsaam nie - maar miskien is hier ook geen finale antwoord nie.

Hierdie *Oriëntatie* is, soos dié van Douma, 'n uiters handige inleiding tot die Christelike etiek en noukeurige bestudering werd. Enige etiekstudent behoort hierdie *Oriëntatie* eers deeglik deur te werk voordat met die etiekstudie begin word.

MOLTMANN, J. 1989. **Wat is theologie? De weg van de theologie in de twintigste eeuw.** Baarn : Ten Have. 109 bll. Prys R34,32.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Etiek, HTS/PU vir CHO)

Hierdie geskrif bevat artikels wat Moltmann oorspronklik in 1974 en 1986 geskryf het en wat in 'n Italiaanse ensiklopedie opgeneem is. In 1988 is dit in Duits en in 1989 in Nederlands vertaal en gepubliseer.

In die eerste deel handel Moltmann oor die ontwikkeling van die teologie in die

twintigste eeu. Hierin bespreek hy die erfenis van die negentiende eeu, die ontwaking van die teologie in die twintigste eeu, die soektog van 'n Christelike identiteit en ten slotte teologie in 'n ekumeniese tydperk. Menseregte en ekologie word deur hom as twee van die mees dringende teologiese onderwerpe van vandag beskou (58).

In deel 2 bied hy telkens 'n oorsig van 'n aantal teoloë se sienswyse terwyl elke deel met kort kritiese opmerkings en die uitwys van bepaalde eensydighede afgesluit word. Agtereenvolgens word gehandel oor die eksistensieteologie van Rudolf Bultmann en die probleem van die geskiedenis; die transendentale teologie van Karl Rahner en die probleem van die antroposentrisme; die kultuurteologie van Paul Tillich en die religieuse interpretasie van die sekulêre wêreld; die politieke teologie en die onvoltooidheid van die nuwe tyd. Opvallend is dat daar geen spesifieke hoofstuk aan Karl Barth gewy word nie.

Volgens Moltmann is die vier grootste teologiese vrae van die moderne tyd geleë in (1) die vraag wat ons moet hoop (die toekomsvraag), (2) die vraag hoe ons (na Auschwitz) die teodisee moet verstaan, (3) die vraag hoe die ekologiese krisis gehanteer moet word en (4) die vraag oor wat die kriterium vir waarheid is (99-105).

Die waarde van die geskrif is veral daarin geleë dat groot teoloë en teologiese temas oorsigtelik en bevatlik aan die orde gestel word en so as 'n waardevolle oriëntering vir verdere teologiese navorsing kan dien.

## BOEKAANKONDIGINGS

Kirk, J.A. 1990. Liberation theology in brief. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 38 p. R2,00.

Van Wyk, J.H. Man van die derde weg. W.J. Snyman as teoloog. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO.

Versamelwerk. 1991. Kultuurverskeidenheid in Afrika - Cultural diversity in Afrika. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 261 p. R25,00.

Van Riessen, H. 1990. Christelijke politiek in een wereld zonder God. Nunspeet : Marnix van St. Aldegonde Stichting. 98 p. R23,84.